



## Wenk van die Maand

Oktober 2019

### BYVOEGMIDDELS BLAAS NUWE LEWE IN OU CHEMIE

Die pyplyn van nuwe gewasbeskermingsprodukte (GBP) het drasties afgeneem en dit het al hoe belangriker geword om op die ouer chemie staat te maak. 'n Mens sou dink dat ons alles oor die ouer GBP weet, maar die waarheid is dat ons gereeld nuwe metodes vind om die ou chemie te verbeter. Huidiglik speel byvoegmiddels 'n baie belangriker rol as in die verlede en dit help om die ouer GBP meer effektief en stabiel te maak. In die onderstaande bespreking sal die ontwikkeling van byvoegmiddels oor die afgelope vier dekades bespreek word en ons sal ook 'n blik gee van wat ons glo die toekoms inhou.

#### Byvoegmiddel ontwikkeling oor die afgelope 40 jaar

Veertig jaar gelede was byvoegmiddel tegnologie (1) om bedekking en verspreiding van spuitdruppels met benatters en olies te verhoog; (2) om spuitoplossings te buffer om alkaliese hidroliese van insekdoders te beperk en (3) om soutantagonisme van glifosaat te verhoed. Alhoewel hierdie byvoegmiddels nog steeds 'n belangrike deel van die moderne byvoegmiddel tegnologie is, was daar ook betekenisvolle ontwikkeling om hierdie produkte te verfyn en om unieke byvoegmiddel chemie te ontwikkel. Een van Villa se nuwe ontwikkelings maak dit byvoorbeeld moontlik om spesiaal geformuleerde olie byvoegmiddels met glifosaat in tenkmengsels te gebruik. Moderne herbenatters help om die spuitdruppel residue vir 'n verlengde tyd vogtig te hou om sodoende verhoogde opname te fasiliteer. Byvoegmiddels word selfs nou gebruik om druppelspektrum te manipuleer om sodoende die blaredak indringing in gewasse en onkruid te verhoog. Dis 'n nommerspel en die

moderne byvoegmiddel verseker meer bedekking, verbeterde druppel verspreiding, 'n langer afdroogtyd en verhoogde opname. Dit is bo en behalwe die water-regstellende vermoëns van sekere byvoegmiddels!

#### Wat hou die toekoms in?

Villa se doelstelling is om die effektiefste byvoegmiddel oplossing vir elke GBP te vind. Dit mag soms beteken dat veelvoudige byvoegmiddels met 'n enkele GBP toegedien word, 'n totaal ongehoorde praktyd 'n paar jaar gelede! Nie-gepatenteerde GBP sal ge-evalueer word en spesifieke byvoegmiddel aanbevelings sal ontwikkel word om te verseker dat die GBP meer effektief en meer stabiel oor omgewings presteer. Byvoegmiddel tegnologie sal geweldig oor die volgende dekade uitbrei met spesifieke byvoegmiddel oplossings vir spesifieke GBP. In 'n neutedop sal die toekomstige Villa byvoegmiddels nommerpas oplossings bied om die effektiwiteit en leeftyd van nie-gepatenteerde GBP te verhoog. Nuwe tegnologie byvoegmiddel oplossings sal meer belangrik in toekomstige GBP toedienings word.

#### Villa se mening

Verby is die dae waar byvoegmiddels as slangolies of as net 'n ekstra koste aan die produsent beskou is. Die moderne Villa byvoegmiddel voeg egte waarde by en hierdie neiging sal in die toekoms voortduur. Opwindende tye vir die byvoegmiddel industrie asook vir produkte wat se patent in Suid-Afrika verval het!

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by  
082 880 0974 of  
bdevilliers@villacrop.co.za